**DEPARTEMENT VAN WETENSKAP EN TEGNOLOGIE**

**NO. 920** **18 AUGUSTUS 2016**

**KENNISGEWING VAN OPENBARE VERHORE OP DIE VOORGESTELDE GEPUBLISEERDE KAROO SENTRALE ASTRONOMIEVOORDEELGEBIEDE REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP GEOGRAFIESE ASTRONOMIE-VOORDEEL, 2007.**

Ek, Grace Naledi Mandisa Pandor, Minister van Wetenskap en Tegnologie, gee hiermee kennis kragtens artikel 42 van die "Astronomy Geographic Advantage Act, 2007 (Act Nr. 21 of 2007)" (hierna hierin verwys as "die Wet"), van openbare verhore om gehou te word oor die voorgestelde Regulasies vir die Beskerming van die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede. Kennisgewings van die Minister se voorneme om regulasies te maak is in Staatskoerant nommer 39442, onder Kennisgewing nommer 1166, op 23 November 2015 gepubliseer.

Op 11 Desember 2015, het ek in Staatskoerant nommer 39505, onder Kennisgewing nommer 1229, 'n kennisgewing gepubliseer om die tydperk vir die indiening van geskrewe vertoë of besware op die voorgestelde regulasies met 'n verdere dertig (30) dae te verleng. Die verlengde tydperk het op 22 Februarie 2016 verstryk.

Op 20 April 2016, het ek in Staatskoerant nommer 39939, onder Kennisgewing nommer 453 'n kennisgewing gepubliseer om 'n verdere verlenging te verskaf met 'n bykomende sestig (60) dae tot die tydperk vir die indiening van geskrewe vertoë op of besware oor die voorgestelde regulasies. Openbare deelname werkwinkels oor die regulasies is in Carnarvon, Williston, Brandvlei, Kenhardt en Vanwyksvlei gehou.

Ek het besluit, kragtens artikel 42(3) van die Wet, dat openbare verhore gehou behoort te word om enige belanghebbende en geaffekteerde persone toe te laat om mondelinge voorleggings of besware aan die Minister te maak. Ek het Prof JCW van Rooyen SC aangewys om die verhore te hou.

Enige belanghebbende of geaffekteerde party wat 'n mondelinge voorlegging wil maak, moet die kontak persoon hieronder gemeld, voor of op 20 September 2016 daarvan in kennis stel sodat die nodige skedulering gedoen kan word. 'n Tydperk van dertig (30) minute sal vir enige een mondelinge voorlegging voorsien word.

Lede van die publiek, insluitende belanghebbende en geaffekteerde partye, word uitgenooi om die openbare verhore by te woon, wat soos volg gehou sal word:

| **Datum** | **Plek** | **Tyd** |
|---|---|---|
| 13 Oktober 2016 | Pretoria: WNNR Konferensiesentrum | 10h00 tot 17h00 |
| 20 Oktober 2016 | Carnarvon SASSA Saal | 10h00 tot 17h00 |

Navrae in verband met die Kennisgewing kan gerig word aan:

Mnr. Mere Kgampe
Dept. van Wetenskap en Tegnologie
Gebou 53, WNNR Kampus
Meiring Naude-weg
Brummeria
Pretoria
0184

OF

Dept. van Wetenskap en Tegnologie
Privaatsak X894
Pretoria
0001

Of

E-pos adres mere.kgampe@dst.gov.za
Telefoonnommer 012 843 6644

**MEV GNM PANDOR, LP**
**MINISTER VAN WETENSKAP EN TEGNOLOGIE**